



POSITIONEER
JOUSELF VIR
SUKSES

INDEX

- Leerkontrakte: Watter pad is die regte pad ... vir my?
- Nou is dit maatskappye en rentevrye lenings!
- Oorleef (en groei) in 'n moeilike ekonomie
- Reserwebank verlaag rentekoers om groei te stimuleer
- Hoe om hoë-impak presteerders te behou
- B-BBEE-kommissie ondersoek moontlike onetiese praktyke



Leerkontrakte: Watter pad is die regte pad ... vir my?

Daar is soveel vrae in die gemoed van jongmense wat ná minstens vier jaar op universiteit moet begin met 'n leerkontrak in die rekenkundige of ouditeursbedryf. Die skokkende element van al hierdie vrae is dat 'n mens eintlik reeds daaraan moet dink voordat jy begin studeer. Hoe gaan studeer jy die regte kursus as jy nie weet wat jou eindbestemming is nie?

Daar is 'n magdom bestemmings wat bereik kan word, maar wat is die regte pad om so gou moontlik daar te kom? As jy eers weet waarmee jy vir die res van jou lewe besig wil wees, bepaal dit watter soort leerkontrak jy moet doen. Die leerkontrak se basis is die kursus wat jy by 'n geakkrediteerde universiteit voltooi het. Onthou dat alle kursusse jou nie noodwendig toegang gee tot alle soorte leerkontrakte nie.

Universiteite se kursusse word gereeld deur liggame soos SAICA ondersoek en geëvalueer om te bepaal of die kursus se inhoud voldoende is vir bv. 'n SAICA-leerkontrak. Dit is dus belangrik om reeds voordat jy begin studeer seker te maak van jou eindbestemming ten opsigte van 'n leerkontrak en jou uiteindelijke beroep.

Leerkontrakte is 'n redelik bekende gedagte, maar watter leerkontrak gee my toegang tot watter kwalifikasie? Die volgende leerkontrakte kan gedoen word: CIMA, SAIPA en SAICA. Net een leerkontrak kan op 'n slag geregistreer word. Jy kan dus nie jou CIMA- en SAICA-leerkontrak gelyktydig doen nie. Sekere leerkontrakte word egter wel deur ander instansies erken, bv. 'n SAICA-leerkontrak word deur SAIPA erken.

Maak seker dat jy 'n leerkontrak doen by 'n opleidingskantoor wat geakkrediteer is om daardie leerkontrak aan te bied. Nie alle rekenmeesters- en/of ouditeurspraktyke is geakkrediteerde opleidingskantore nie. Alle praktyke is ook nie noodwendig vir alle soorte leerkontrakte geakkrediteer nie, aangesien daar vir elke soort leerkontrak afsonderlik vir akkreditasie aansoek gedoen moet word. Opleidingskantore word gereeld deur die liggame waarvoor hulle geakkrediteerde opleidingskantore is, besoek om te verseker dat hulle steeds voldoen aan al die vereistes en standaarde van 'n opleidingskantoor van daardie soort leerkontrak.

Gegewe dat die meeste leerkontrakte 'n driejaar-leerkontrak-vereiste het, moet jy toesien dat jy gedurende daardie drie jaar die maksimum blootstelling kry. Hoe meer jy leer in hierdie drie jaar, hoe beter is jy voorbereid op watter taak ook al oor jou pad mag kom. Alle leerkontrakte vereis dat sekere komponente van bevoegdheid afgeteken moet word binne die tydperk van die leerkontrak. Dit is die klerk se verantwoordelikheid om hierdie komponente van bevoegdheid afgeteken te kry. Dit is die opleidingsbeampte en opleidingskantoor se verantwoordelikheid om die klerk blootstelling aan hierdie bevoegdhede te gee en deur middel van ondervinding en evaluasie te verseker dat hierdie bevoegdhede op die vereiste vlak afgeteken kan word. Geen leerkontrak kan ná drie jaar se voltooië klerkskap afgeteken word as die regte graad nie verwerf is nie. So, maak dus seker dat studies nie agterweë bly nie.

Kom ons kyk gou oorsigtelik na die volgende leerkontrakte:

SAIPA

- Driejaar-leerkontrak met 'n erkende graad na afloop van die leerkontrak.
- 'n Elektroniese logboek moet afgeteken word met 'n sekere hoeveelheid komponente wat afgehandel moet wees binne sekere tydperke van die leerkontrak. Hierdie komponente bestaan uit kernkomponente wat almal afgeteken moet word en 'n sekere aantal komponente waaruit gekies mag word.
- Die suksesvolle aflegging van die SAIPA-eksamen ná voltooiing van die leerkontrak.

SAICA

- Driejaar-leerkontrak met 'n erkende graad voordat met die leerkontrak begin word. Indien die leerkontak 'n aanvang neem voordat 'n erkende graad voltooi is, is dit 'n vyfjaar-leerkontrak wat moontlik tot vier jaar verminder kan word indien die erkende graad voor verstryking van die vyfjaar-leerkontrak verwerf word.
- Voorgeskrewe evaluasies moet voltooi word na afhandeling van take, met formele evaluasies elke ses maande wat die afgelope tyd se evaluasies saamvat en beoordeel teen die opleidingskantoor se opleidingsprogram.
- Ná suksesvolle voltooiing van die SAICA-leerkontrak is daar opsies om te registreer as 'n AGA SA (Associated General Accountant) of by SAICA as 'n GR (SA) indien die toepaslike eksamens suksesvol afgelê is.

Dit is belangrik om te onthou dat, om te registreer as 'n geregistreerde ouditeur, RA (SA), daar nog 18 maande van gespesialiseerde opleiding is wat afgehandel moet word by 'n geakkrediteerde kantoor.

Opsommend:

- Wat is jou eindbestemming en watter geakkrediteerde kwalifikasie het jy nodig daarvoor?
- Weet watter leerkontrak jy moet voltooi om jou kwalifikasie te verkry.
- Maak seker dat jy die regte graadkursus voltooi om jou toegang te gee tot die regte leerkontrak.
- Praat met soveel moontlik mense sodat jy 'n ingeligte besluit kan neem voordat jy op hierdie lewensreis begin.

Geniet jou reis na die bestemming van jou drome! Vir meer inligting, kontak CORE Bloemfontein.

**[Voorberei deur CORE Bloemfontein.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



Nou is dit maatskappye en rentevrye lenings!

Die voorstel om die belastingwetgewing van trusts te herstruktureer is die eerste keer gedurende die 2013-begroting genoem. Die wetgewer was baie bekommerd oor die oordrag van rykdom sonder dat dit aan belasting onderhewig is. Konsepwetgewing is egter eers teen 2016 bekend gestel. Die 2016-wysigings het daartoe gelei dat artikel 7C ingesluit is in die wetgewing. Dit het op 1 Maart 2017 in werking getree.

Ten einde belastingbetalers se vermoë te beperk om rykdom oor te dra sonder dat dit aan belasting onderhewig is, behels die 2016-wetgewing reëls wat fokus op rentevrye lenings of lenings wat rente dra teen laer as markkoerse wat direk of indirek aan 'n trust gemaak word (maar nie lenings aan 'n maatskappy nie) deur 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy wat 'n verbonde persoon aan die trust is.

Artikel 7C maak voorsiening vir skenkingsbelasting teen 'n koers van 20% tot die mate dat lenings deur natuurlike persone of maatskappye aan 'n trust nie onderworpe is aan die SAID se amptelike rentekoers nie (7.75% vanaf 1 Augustus 2017; 8% vir 01 Maart 2017 tot 31 Julie 2017).

Sedert artikel 7C in werking getree het, het die wetgewer egter agtergekom dat belastingbetalers maniere ontdek het om bogenoemde, wat beskou word as 'n jaarlikse skenking wat ontstaan het as gevolg van hierdie teenvermydingsmaatreël, te vermy. Kortom, belastingbetalers omseil die teenvermydingsreëls van artikel 7C deur 'n maatskappy te vestig wat besit word deur 'n diskresionêre trust. Die belastingbetaler (synde 'n natuurlike persoon of maatskappy) verkoop dan die betrokke bate aan hierdie nuutgevestigde maatskappy via 'n rentevrye lening (of 'n lening teen 'n koers laer as die markkoers). Sodoende word daar voorsiening gemaak dat die toekomstige groei in die waarde van so 'n bate, as die aandele van die maatskappy wat nou die bate hou, berus buite die boedel van die belastingbetaler wat die bate verkoop het, aangesien daardie aandele deur die trust gehou word. So 'n transaksie val buite die omvang van artikel 7C aangesien die artikel nie van toepassing is op lenings wat aan maatskappye gemaak word nie.

Ingevolge konsepwysigings wat op 19 Julie 2017 deur die wetgewer bekend gestel is, word voorgestel dat rentevrye lenings of lenings teen 'n koers laer as die markkoers wat gemaak word deur 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy (op aandrang van 'n natuurlike persoon) aan 'n maatskappy wat 'n verbonde persoon aan die trust is, moet val onder die teenvermydingsmaatreël van artikel 7C.

Aangesien die konsepwysigings verwys na 'n lening aan 'n maatskappy wat verbonde is aan 'n trust, kan die impak van die voorgestelde wysiging egter veel wyer wees as wat deur die wetgewer in die Konsep Verklarende Memorandum aangedui word. Dit kan potensieel selfs 'n scenario insluit waar die natuurlike persoon 'n rentevrye lening aan 'n maatskappy bied waar 100% van die aandele van die maatskappy gehou word deur daardie selfde natuurlike persoon, maar aangesien die betrokke natuurlike persoon ook 'n begunstigde van 'n diskresionêre trust is, kan so 'n trust en die betrokke maatskappy beskou word as verbonde persone. Hierdie breë toepassing van die artikel 7C-konsepwysigings blyk toepassings te hê wat veel verder strek as die bedoeling van die wetgewer.

Prakties gesproke kan die voorgestelde wysiging daartoe lei dat alle rentevrye lenings wat gemaak word deur natuurlike persone of maatskappye (op aandrang van 'n natuurlike persoon) aan 'n maatskappy potensieel onderworpe is aan artikel 7C van die Inkomstebelastingwet, waar so 'n persoon wat die lening maak 'n verbonde persoon aan die trust is.

Vorberei deur CORE Tax.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188



Oorleef (en groei) in 'n moeilike ekonomie

Tot onlangs was Suid-Afrika in 'n ekonomiese resessie. Hoewel ons steeds nie veilig is nie en tye steeds moeilik is, is daar steeds geleentheid om welvaart te bou. Hier is tien wenke om te oorweeg ten einde in 'n moeilike ekonomie te oorleef (of selfs te groei).

1. **Bou 'n tweede en selfs derde inkomstestroom**

Geld moet jou lewe binnekome via meer as een bron om veilig te wees teen die impak van 'n resessie. Soek aktief na maniere om geld uit bykomende bronne te maak. Vandag se individu kan nie bekostig om slegs van een inkomstebron afhanklik te wees nie. Begin iets anders en gebruik jou vrye tyd effektief deur verskeie inkomstebronne te bestuur en te bou.

2. **Ondersoek daaglikse geldmaak-geleenthede**

Wat is beter as om geld op 'n maandelikse basis te maak? Om geld op 'n weeklikse of selfs daaglikse basis te maak! Daar is baie geleenthede wat baie min kos in terme van belegging, maar wat 'n daaglikse inkomste meebring. Daaglikse opbrengste van meer as een inkomstebron is uiters noodsaaklik.

3. **Netwerk**

Nou is die tyd om te sosialiseer, mense te ontmoet, geleenthede by te woon en jou netwerk van kontakte uit te brei. Jou netwerk bepaal jou netto waarde, so meer kontakte van hoë gehalte sal jou help om veilig te wees in 'n resessie. Moenie 'n geleentheid laat verbygaan om iemand te ontmoet wat jou kan help om die leer te klim deur geleenthede te verskaf nie.

4. **“Dollarize”**

Ondersoek moontlikhede om geld te verdien in buitelandse valuta. Wanneer jy 'n beduidende gedeelte van jou inkomste in buitelandse valuta verdien, maak dit jou immuun teen die veranderinge in die waarde van die rand. Jou buitelandse geldeenheid wat in die plaaslike mark ingebring word, lei tot 'n hoër waarde van die plaaslike geldeenheid in jou sak.

5. **Trek voordeel uit kontantvloei-beleggingstrategieë**

Jou beleggingstrategie in hierdie tye moet geanker wees in die belegging in bates wat 'n positiewe kontantvloei genereer, genoeg om 'n lang periode van inkomste/invloei te genereer eerder as om te belê in kapitaalwinst soos om 'n huis te koop waarin jy wil woon en hoop dat die waarde daarvan sal verhoog. 'n Huis waarin jy woon, genereer nie kontantvloei nie, maar 'n huis wat verhuur word, genereer 'n positiewe kontantvloei. Hierdie periode vereis likiditeit.

6. **Gebruik moeilike tye om te leer en te groei**

Van die bekendste innovasies van alle tye het plaasgevind gedurende moeilike tye en talle groot besighede is so gebore. Diegene wat effektiewe maniere vind om dit te doen, bou gewoonlik 'n besigheid rondom hierdie ontdekking. Resessies bring altyd onwelkome verandering, ontwrigting en probleme – en ook geleenthede. Selfs wanneer jou besigheid en kontantvloei se pas verslap, beteken dit nie jy moet ook nie. Nou is die tyd om planne te maak. Om op die voerpunt te bly, is belangrik in enige ekonomie en krities in 'n swak ekonomie. Jy kan op die voerpunt bly deur voortdurend te leer en te groei.

7. Onderzoek en belê in industrieë wat groei gedurende 'n resessie

Ongeag die ekonomiese situasie is daar industrieë en besigheidseleenthede wat selfs gedurende 'n resessie groei. Die sleutel is om jou huiswerk te doen en uit te vind wat hierdie geleenthede is en dan daarin te belê. So byvoorbeeld het die gesondheidsbedryf, mode, afslaghandelaars, alkohol en tabak bewys dat hulle groei beleef en, indien goed bestuur, 'n resessie kan oorleef.

8. Bly gefokus

Hoe moeiliker die ekonomiese omstandighede, hoe belangriker is dit vir jou om te fokus op geleenthede eerder as op eksterne probleme. Fokus op kernvaardighede, passies en waardes. Wanneer jy fokus op moontlikhede sal jy moontlikhede raaksien. Terwyl ander probleme uitwys, soek na moontlikhede. En, terwyl ander alles probeer in die hoop dat iets sal uitwerk, bly gefokus op wat saak maak.

9. Skep waarde en moenie gehalte afskep nie

'n Resessie is nie die tyd om gehalte en waarde op die altaar van skaars hulpbronne te offer nie. Hierdie twee bene van uitnemendheid moet voortdurend onderhou word om veilig te wees in 'n resessie. Doen meer as wat van jou verwag word, as 'n werknemer of as 'n besigheidseienaar, en jy sal op die voorpunt van sukses bly in hierdie tye.

10. Skakel slegte skuld uit, maar behou goeie skuld

Slegte skuld is om bloot 'n lening uit te neem om te betaal vir iets wat nie kontantvloei genereer nie. Goeie skuld is om geleende hulpbronne te gebruik om te belê in bates wat genoeg kontantvloei kan genereer sodat die skuld betaal kan word met nog inkomste om te spaar. 'n Resessie is nie die tyd om onnodige skuld te dra wat likiditeit laat opdroog nie. Soek eerder vir goeie skuld wat likiditeit tot jou rekening voeg en die waarde van jou kontant in die bank verhoog.

**[Voorberei deur CORE Business Development.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**

Reserwebank verlaag rentekoers om groei te stimuleer

Die plaaslike aandelemark het verder grond gewen in April op die rug van die skerp stygings in industriële rand-Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het onlangs aangekondig dat die repo-koers met 25 basispunte tot 6.75% gesny word. Die Reserwebank het laas in Maart 2016 die rentekoers aangepas toe die bank die koers met 25 basispunte verhoog het. Volgens 'n verklaring van die Monetêre Beleidskomitee (MPC) was die besluit om die koers te verlaag nie eenparig nie. Vier lede het gestem om die koers met 25 basispunte te verlaag, terwyl twee lede gestem het dat die koers onveranderd bly. Die SARB het weer klem gelê daarop dat die risiko verbonde aan ekonomiese groei verhoog het, terwyl die vooruitsigte vir inflasie bemoedigend gebly het, maar nie sonder risiko is nie.

In terme van **inflasie** het die Reserwebank die volgende beklemtoon:

- Die inflasie-vooruitsig het sedert die vorige vergadering van die MPC verbeter.
- Vleispryse styg steeds en teen 13.0% dra dit by tot die nadelige “klewerigheid” van voedselprys-inflasie.
- Eskom het Nersa genader vir 'n verhoging van rondom 20%, maar die huidige voorspelling is dat 'n verhoging van 8% te wagte kan wees.
- Die jaarlikse gemiddelde voorspelling vir inflasie is aangepas tot 5.3% in 2017, 4.9% in 2018 en 5.2% in 2019.
- 'n Laer draaipunt van 4.6% word verwag vir inflasie in die eerste kwartaal van 2018.
- Die belangrikste drywers van die verbeterde vooruitsig is die laer beginpunt; hersiene aannames rakende internasionale oliepryse, plaaslike elektrisiteitstariewe en die effektiewe wisselkoers; en 'n breër uitsetgaping.
- Inflasieverwagtinge soos weerspieël in die opname van die Buro vir Ekonomiese Navorsing dui op 'n marginale verbetering.
- Onderliggende globale inflasie-neigings bly skadeloos, met inflasie onder die teiken in die meeste gevorderde ekonomieë desnieteenstaande die positiewe groeivooruitsigte en strenger arbeidsmarkte.

In terme van **groeivooruitsigte** het die bank die volgende beklemtoon:

- Die plaaslike groeivooruitsigte bly kommerwekkend. Met die uitsondering van die primêre sektor, het alle sektore negatiewe groei aangeteken.
- Hoewel positiewe groei in die tweede kwartaal verwag word, is die bank se jaarlikse groeivooruitskattings verder afwaarts aangepas. Die vooruitsig vir 2017 is afwaarts aangepas van 1.0% tot 0.5% en die vooruitsig vir 2018 is afwaarts aangepas van 1.5% tot 1.2%. Groei van 1.5% word in 2019 verwag, vergeleke met 'n vorige vooruitskating van 1.7%.
- Beleidsonsekerheid, soos onlangs in die mynbedryf, sal waarskynlik belegging belemmer.
- Indiensnemings groei was minimaal en die vooruitsigte is nie gunstig nie.
- Hoewel die maandelikse kleinhandel-verkoopsdata 'n meer positiewe uitkoms vir die tweede kwartaal voorspel, sal hierdie verbetering waarskynlik gedeeltelik geneutraliseer word deur 'n daling in die verkope van nuwe voertuie in die kwartaal.
- Dit is nie duidelik waar die drywers van versnelde groei vandaan sal kom in die afwesigheid van geloofwaardige strukturele beleidsinisiatiewe wat onsekerheid sal verlaag en sake- en verbruikervertroue sal laat toeneem nie.

In terme van die **rand-wisselkoers** het die bank die volgende beklemtoon:

- Die rand se relatiewe veerkragtigheid is gesteun deur die algemene positiewe sentiment teenoor ontluikende markte, asook deur volgehoue handelssurplusse.
- Die rand bly kwesbaar ten opsigte van 'n toename in globale risiko-vermyding, plaaslike politieke skokke en die moontlikheid van verdere afgraderings.

Dit is duidelik dat Suid-Afrika se inflasiekoers aan die afwaartse kant 'n verrassing was gedurende die laaste paar maande, terwyl die plaaslike ekonomie uiters swak en in 'n resessie bly. In terme hiervan sal dit geen verrassing wees dat die Reserwebank besluit het om die rentekoers te verlaag nie. 'n Sleutelfaktor waaroor die bank reeds geruimte tyd bekommerd is, is die feit dat Suid-Afrika uiters weerloos is teen veranderinge in globale beleggings sentiment, wat vererger word deur die land se onlangse krediet-afgraderings, asook die verwagting dat Amerika se Federale Reserwe sal voortgaan om rentekoerse te normaliseer. Dit het daartoe gelei dat die Reserwebank relatief huiwerig was om koerse te sny ten spyte van die verswakkende plaaslike ekonomie.

So, hoekom die koers nou sny? Die antwoord blyk te wees die mate waartoe groei werklik gedaal het (die Reserwebank het nie verwag dat Suid-Afrika in die eerste kwartaal van 2017 in 'n resessie sal gaan nie), gekombineer met die skerp afwaartse neiging van die inflasie-vooruitskatting, veral met die bank se siening dat inflasie so laag as 4.6% in die eerste kwartaal van 2018 sal daal en gemiddeld onder 5% vir die hele 2018.

Die bank sal koerse oor die volgende ses tot nege maande na verwagting met 'n verdere minstens 25 basispunte verlaag, en waarskynlik meer indien daar enige verdere afwaartse verrassings is ten opsigte van groei en inflasie. Uiteindelik sal die bank egter steeds 'n balans moet vind tussen die huidige laer groei/laer inflasie-data en die risiko's verbonde aan Suid-Afrika se verhoogde kwesbaarheid in terme van veranderinge in die vloei van buitelandse kapitaal. Die volgende paar rentekoersbesluite deur die MPC sal nie maklik wees nie en die uiteinde sal waarskynlik neig na die afwaartse kant.

Vir enige verdere inligting, kontak CORE Financial Solutions.

Bron: http://www.stanlib.co.za/Weekly_Focus/Documents/Weekly_Performance/2017/The%20Weekly%20Focus%2024%20July%202017.pdf

[Voorberei deur CORE Financial Solutions.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]



Hoe om hoë-impak presteerders te behou

Om die uitdagings van 'n moeilike ekonomiese klimaat die hoof te bied, is hoë-impak presteerders in aanvraag. Daardie onontbeerlike werknemers wat gewillig is om te doen wat nodig is om die maatskappy te laat slaag selfs in die moeilikste tye; diegene wie se idees die maatskappy tyd, geld en inspanning spaar; diegene wie se positiewe uitkyk die organisasie help om vorentoe te beweeg. Hoe behou jy hierdie mense wanneer dit moeilik raak om hulle te bekostig?

Hier is 'n paar stappe wat organisasies kan neem om te help om vandag se hoë impak-werknemers te behou:

Betoon respek

Dit klink geïk, maar werknemers wat met werklike goedhartigheid, respek en menswaardigheid hanteer word, sal voortgesette lojaliteit toon aan die leier en die organisasie.

Fokus op 'n omgewing wat gedy

Om 'n omgewing te skep waarbinne hoë impak-presteerders sal wil bly en 'n bydrae lewer, verg meer as net lippediens. Dit verg 'n omgewing waarbinne mense leer, opleiding ontvang en hul vaardighede ontwikkel.

Bied voortgesette opleiding

Hoop op die lys vir leiers wat hoë impak-presteerders wil behou, is opleiding en voortgesette opvoeding. Dit verseker dat mense 1) hul werk behoorlik kan doen, en 2) kan verbeter op bestaande stelsels. Skep vir mense die geleentheid om verskillende aspekte van die organisasie te ervaar en opleiding daarin te ontvang. Dit is 'n uitstekende manier om samewerking tussen departemente en streke te bewerkstellig. Dit skep weer 'n kompeterende voordeel wanneer organisasies op menslike hulpbronne moet sny. Werknemers wat in verskillende aspekte opgelei is, is toegerus om die verskillende funksies van die organisasies gemakliker te hanteer as diegene wat in silo's werk.

Verskaf afrigting

'n Een-tot-een verhouding waarin 'n leier 'n werknemer afrig, bied aan die leier die geleentheid om die verskillende talente van individue te ontgin en hul ontwikkeling te bestuur, asook om hul optrede en vaardighede te belyn. Sodoende word die werknemers aktiewe veranderingsagente, wat weer tot die sukses van die organisasie bydra.

Gee terugvoering

Terugvoering behels meer as net 'n jaarlikse oorsig. Leiers mag aan werknemers bystand verleen in spesifieke areas, byvoorbeeld om netwerke te ontwikkel, 'n balans tussen werk en lewe te handhaaf en om werk- en vaardighedsopleiding te ondergaan. Terugvoering is dus 'n voortgesette proses deur middel van mentorskappe, steungroepe en aksiegroepe.

Geld en besluitneming

Vergoeding is nie genoeg om werknemers te behou nie. Mense het ook nodig om deel te vorm van die besluitnemingsproses. Die leier wat mense vir insette vra oor hoe die organisasie meer effektief kan wees, is die leier wat sy of haar werknemers sover kry om in te koop op die visie van die organisasie. Dit help om belangrike talent te behou en is ook 'n uitstekende manier om idees te genereer vir verbetering.

Die ontwikkeling van mense is 'n strategiese proses wat waarde toevoeg tot sowel die werknemers as die winsgrens van die organisasie. Toegewyde, bevoegde mense skep finansiële gewin vir die organisasie; organisasies wat hul mense ontwikkel en geleenthede vir groei skep, is gesog onder hoë impak-presteerders.

Bron: Aangepas van 'n artikel deur Marshall Goldsmith

[Voorberei deur CORE Labour.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]



B-BBEE-kommissie ondersoek moontlike onetiese praktyke

Die B-BBEE-kommissie het onlangs 'n mediaverklaring uitgereik waarin 17 maatskappye (insluitend 6 verifikasie-agentskappe) genoem word wat tans ondersoek word rakende moontlike onetiese praktyke ("fronting") en die oortreding van die Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BBEE-wet).

Die mediaverklaring bevat 'n kort opsomming van die kwessies wat ondersoek word. Die meeste kwessies handel oor eienaarskapskemas en trusts. Die verklaring verskaf nie baie besonderhede nie, maar dit is baie duidelik dat die kommissie stappe doen, veral met betrekking tot verdagte eienaarskapstrukture.

Dit is belangrik om daarop te let dat die maatskappye en verifikasie-agentskappe wat in die verklaring genoem word, nie skuldig bevind is nie, maar wel ondersoek word. Indien daar ongunstige bevindings teen die maatskappye en agentskappe gemaak word, het hulle 30 dae om te reageer op die bevindings voordat die B-BBEE-kommissie 'n finale bevinding maak. Maatskappye wat die B-BBEE-wet oortree, kan vervolgd word.


Dit is 'n vereiste van die B-BBEE-wet dat die B-BBEE-kommissie sy bevindings moet publiseer sodra dit gefinaliseer is. Intussen is die boodskap baie duidelik: Maatskappye en eienaars moet hulself daarvan weerhou om betrokke te raak by enige inisiatiewe, praktyke en transaksies wat dalk aanleiding kan gee tot onetiese praktyke.

Die Departement van Handel en Nywerheid het 'n paar jaar gelede 'n dokument gepubliseer oor onetiese praktyke, of "fronting". Dit is raadsaam om vertrouwd te wees met hierdie inligting indien enige verdagte inisiatief, praktyk of transaksie oor jou pad kom. Die dokument is op die departement se webtuiste beskikbaar by www.thedti.gov.za. (Die volledige skakel verskyn onderaan hierdie artikel.)

Vir enige B-BBEE-verwante bystand, skakel asseblief die CORE BEE-span.

http://www.thedti.gov.za/economic_empowerment/docs/Acts_strat_policies/codes%20of%20good%20practice%20files/GuidelinesComplexstructuresFronting.pdf?utm_source=phplist202&utm_medium=email&utm_content=HTML&utm_campaign=B-BBEE+Commission+is+getting+serious+about+fronting

[Voorberei deur CORE BEE
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]



the future - **now**



the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za